

# Kolskoot vir leerder van Eldoraigne

Jacques Horn, gr.10-leerder van Hoërskool Eldoraigne, is onlangs verkies tot die 2019 South-African Mounted Archery nasionale span. Horn is in een van drie junior spanne, en dit is die derde agtereenvolgende jaar wat hy nasionale kleure in die sport kry. Nasionale (Protea) kleure word toegeken as die SA-span teen 'n ander land se nasionale span internasionaal deelneem, in 'n kompetisie wat goedgekeur is deur South African Sports Confederation and Olympic Committee (Sascoc). Horn sal vroeg volgende jaar in Frankryk deelneem in die groen en goud. Horn het vir die nasionale span gekwalifiseer met 'n gemiddeld van Horse Archer 2 vlak en drie verskillende kompetisies – twee kwalifiseerders en een nasionaal. Hy het Gauteng Equestrian Federation kleure ontvang na provinsiale, en het vir Gauteng by die nasionale deelgeneem. Horn presteer huidig op 'n Horse Archer derde vlak.